

28 April

**Skrifgedeelte: Psalm 103:1-13**  
**Fokusgedeelte: Psalm 103:3-5, 8-9**  
**HK, Vraag 118**

**God sorg liggaamlik en geestelik vir jou – vra dit ook van Hom**

Psalm 103 inspireer ons om die Here saam met die digter te loof. Waarom wil Dawid die Here so loof en prys? Dit is vanweë die weldade van die Here, God se goeie daade teenoor sy kinders, onverdiende weldade wat ook óns elke dag geniet. Die Here se weldade raak nie net ons geestelike lewe nie, maar ook ons gewone aardse, liggaamlike en fisiese bestaan.

Geestelik skenk die Here aan ons soveel ontelbare weldade. Ons psalm maak ons oë veral oop vir God se vergifnis. Die psalmdigter besing God wat ons nie vergeld vir ons oortredinge nie, maar wat so anders optree as wat ons verdien. Hy loof God wat ons sondes vergewe, wat dit so vër van ons verwyder as wat die ooste van die weste af is. Uit genade kan ons hierdie dag ingaan as kinders van ons hemelse Vader deur ons geloof in sy Seun, Jesus Christus. Bid die Here vandag weer om sy geestelike weldade op jou uit te stort.

Die Here sorg ook liggaamlik en fisies vir ons. Ons psalm maak ons oë vandag ook oop vir die weldade wat Hy vir ons op hierdie gebied gee. Wonderlik roep die digter in vers 3 uit dat God al sy siekte genees! God het hom gered van die graf. God het hom krag gegee soos dié van 'n arend. Die Here het destyds sy volk nie net geestelik sy eie gemaak nie, Hy het hulle ook fisies gered van die Egiptenaars se verdrukking en aan hulle 'n nuwe land gegee. Kyk vandag met nuwe oë na jou klerekas, jou huis, jou meubels, jou salaris, jou yskas en sien die weldade raak van die Here wat jou liggaamlik versorg. Loof en prys Hom daarvoor en verwag dit steeds biddend van Hom!

*Sing: Psalm 145:8-10*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~